# Blitsvinnig®

# LEGENDES

## VERSE VIR TIENERS

deur ervare onderwysers

***Afrikaans***

***Eerste Addisionele Taal***

**GRAAD**



Blitsvinnig®

# Legendes

**verse vir tieners**

**deur ervare onderwysers**

## *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

**Saamgestel deur Evert Wasserman**

**Proefleser: Cecilia Snyders**

**ISBN: 978-1-0370-7445-5**

ALLE VISUELE HULPMIDDELS WAT GEBRUIK IS, IS DEUR CANVA PREMIUM LIDMAATSKAP VERKRY EN MAG VIR KOMMERSIËLE DOELEINDES GEBRUIK WORD.

ALLE REGTE VOORBEHOU, GEEN GEDEELTE VAN HIERDIE DIGBUNDEL MAG OP ENIGE MANIER SONDER TOESTEMMING GEKOPIEER WORD NIE.

# Inhoudsopgawe


1. LEGENDES – Michael Swann 4
2. SKERM – Karn Willemse 5
3. EK WAS DIE EEN – Chantelle Labuschagne 6
4. IETS POSITIEFS – Lelanie Liebenberg 7
5. DIE HARDE WERKER – Anoniem 8
6. VRYDAG – Danelle Pretorius 9
7. FAMILIEPROBLEME – Juanita van den Heever 10
8. SKEPPING – Cecilia Snyders 11
9. SIRKUS – Seeman 12
10. WESTDENE, 1985 – Evert Wasserman 13
11. EERSTE HARTKLOP – Chantelle Labuschagne 14
12. EK SAL – Daphne Coetzee 15
13. EK, HIBISKUS – Lelanie Liebenberg 16
14. TIENERTRANE – Freda Oosthuizen 17
15. DIE GESEGDE LEWE – Tanja Alers 18
16. TECHNO – Evert Wasserman 19
17. OMNIA PARATUS – Lorraine Labuschagne 20
18. KEMPTONPARK HOSPITAAL – Anoniem 21
19. AS EK LAG – Freda Oosthuizen 22
20. EK EN SAHARA – Michael Swann 23
21. GEBRUIK MY GESKENK – Evert Wasserman 24
22. POU – Willie van Heerden 25
23. DANS VAN DIE PLANETE – Anoniem 26
24. DIE KAAP - Tanja Alers 27
25. VERLORE - Michael Swann 28

| | | |
|---|---|---|
| 26. | DIE PROTEA – Seeman | 29 |
| 27. | PANNEKOEK EN KANEEL – Evert Wasserman | 30 |
| 28. | DIABETES- Anoniem | 31 |
| 29. | DIE MAN BY SEEPUNT – Elna Nel | 32 |
| 30. | HOEKOM – Karn Willemse | 33 |
| 31. | MONOPOLY – Anoniem | 34 |
| 32. | MENEER BENNIE LE ROUX – Evert Wasserman | 35 |
| 33. | WAT AS ... ? – Celeste Deysel | 36 |
| 34. | HOOP, LIEFDE, GELUK – Willie van Heerden | 37 |
| 35. | KAREEPAN SE PLAAS – Seeman | 38 |
| 36. | LEER EN LEWE – Daphne Coetzee | 39 |
| 37. | VERGETE VRIENDE – Cecilia Snyders | 40 |
| 38. | HOE KON JY? – Karn Willemse | 41 |
| 39. | JOU ROMMEL MY BROOD – Riana Pienaar | 42 |
| 40. | EK – Elna Nel | 43 |
| 41. | OOR DIE DIGTERS ... | 44 |
| 42. | ERKENNINGS | 48 |


MICHAEL SWANN, CECILIA SNYDERS, FREDA OOSTHUIZEN, ELNA NEL,
CELESTE DEYSEL, KARN WILLEMSE, JUANITA VAN DEN HEEVER,
DANELLE PRETORIUS, TANJA ALERS, CHANTELLE LABUSCHAGNE,
LORRAINE LABUSCHAGNE, DAPHNE COETZEE, SEEMAN, RIANA PIENAAR
LELANIE LIEBENBERG , WILLIE VAN HEERDEN, EVERT WASSERMAN

# Legendes !

## Michael Swann

1. In die skemer van die tyd waar al die beste stories begin.
2. Leef legendes in gedagtes wat soveel waarheid en insig bring.
3. Hulle lewe in die harte van die mense van ons land.
4. Hulle bring hoop, geloof en liefde deur hulle stories tot stand.

5. Met elke weer-vertel-storie word nog ‘n erfenis bewaar.
6. Die heldhaftige dade bring die wysheid terug van meer as ‘n honderd jaar.
7. Hulle inspireer ons en ons kinders om nog groter as onsself te wees.
8. In die voetspore van legendes, ja, dis dáár waar ons harte groei in die gees.

9. **Dankie**

10. Dankie Klara Majola, vir jou liefde so rein.
11. Dankie Wolraad Woltemade, vir jou onbaatsugtige dade.
12. Dankie President Mandela, wat ons nasie sterker kom maak het.
13. Francois Pienaar en sy span wat ‘n hele nasie op hulle skouers gedra het.

14. Die vuur van hul passies, die vlam van hul eer.
15. In elke generasie word die legendes altyd meer.
16. Met elke lied wat ons sing
17. en
18. met elke gedig wat ons lees
19. maak ons seker dat die legendes ...
20. VIR ALTYD SAL LEEF.

© Michael Swann

# Westdene, 1985

**Evert Wasserman**

‘n Middag soos dié kon niemand raai.
Die skoolklok lui, kinders lag,
boeke in tasse, huiswerk wag,
hande wat teen vensters vir klasmaats waai.

    ‘n Bus vol drome
    rol oor die damwal
    en sink –
    stadig en stil
    soos iemand wat hul asem ophou.

Die water vat sonder vrae.
Veertig name word deur die wind gefluister,
en later word ‘n een-en-veertigste bygevoeg
wat ook die stryd verloor het.

Ouers hardloop.
Skoene spat teen teer.
Skreeu hul kinders se name
in damwater wat nie antwoord nie.

Skoolbaadjies dryf soos vlinders
oor die oppervlak
en in elke klaskamer daarna
is leë stoele maar net hout.

Westdene huil soms nog
wanneer die lig net reg oor die stille dam val,
waar kinderstemme vasgevang is
in die diepte van herinnering ...

© Evert Wasserman

# Ek sal

## Daphne Coetzee

1. Ek sal probeer
2. want vir my kom jy weer
3. Ek sal my pen uithaal
4. om die woorde van wysheid te laat draal
5. Ek sal die wêreld weer eens aanpak
6. en vir my engele wys daar is nie plek vir die swak ...
7. want ek sal opstaan
8. al wil ou wêreld altyd slaan
9. Ek sal vuiste laat bal
10. ek sal nie val
11. Ek het hom, haar, hulle en Hy
12. almal aan my sy
13. Wat gaan gebeur?
14. My lewe word nie gekeer!
15. Ek sal Glo en Glo
16. aan Hom daar Bo...

© Daphne Coetzee

***Blitsvinnig Legendes*** is ‘n unieke digbundel omdat dit deur ervare onderwysers geskryf is. Die onderwysers is ware digters van formaat en die gedigte is spesifiek geskryf om Graad 8 -10 leerlinge se belangstelling vir digkuns te prikkel en hulle liefde vir poësie aan te wakker.

Die gedigte in die digbundel strek van eenvoudige gedigte tot dieper gedigte met simbolisme. Hierdie gedigte kan maklik by enige tema in die klaskamer ingesluit word.

Onderwysers weet wat van die kinders in die eksamens verwag word en so is hierdie projek van stapel gestuur.

Die digbundel kan vanaf Graad 8 tot 10 gebruik word. Dit gaan gepaard met ‘n werkboek per graad om poësie-onderrig te vergemaklik.

“’n Goeie kop en
‘n goeie hart is altyd
‘n gedugte kombinasie.” (*Nelson Mandela*)

Saamgestel deur **Evert Wasserman**

9 781037 074455